SPESIALE FONDSINSAMELINGS

Besluite oor Spesiale Fondsinsamelings soos deur die Sinodale Diensraad goedgekeur:

6.7.11.1 Die Sinode handhaaf die werkswyse om spesiale insamelingspogings nie in te reken by die inkomste van 'n gemeente, waarop die sinodale bydraes bereken word, nie.

6.7.11.2 Die Sinode keur die volgende riglyne in verband met die vrystelling van spesiale insamelings goed:

'n Spesiale insameling word gesien as 'n ekstra poging om 'n projek bo en behalwe die gewone bediening van 'n gemeente te help befonds.

Punt een: Slegs spesiale insamelings word vir vrystelling in die berekening van sinodale bydraes in ag geneem, mits:
dit vooraf aan Ondersteuningsdienste (nou Fondsediensgroep) deurgegee is;
dit só in die finansiële state aangeteken is;
dit vir daardie doel aangewend is.

Punt twee: Sake waarvoor spesiale insamelings (soos deur onder andere geloofsoffers) gedoen kan word is: skulddelging, kapitaal projekte, versorgingsaksies, getuienisaksies.

Punt drie: Die bedrag wat as spesiale insameling afgetrek word, mag nie veroorsaak dat die bedrag waarop die sinodale bydraes bereken word, laer as die vorige jaar is nie.

Punt vier: Die lopende inkomste van 'n gemeente, waarop die sinodale bydraes bereken word, behoort jaarliks 'n realistiese styging te toon.

HIERDIE VERSOEK TOT REGISTRASIE WORD DIREK AAN DIE SINODEHUIS GERIG.

REGISTRASIE VAN SPESIALE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

NAAM VAN GEMEENTE _____ **FINANSIËLE JAAR** _____

Naam van projek	Doel van projek	Wyse waarop fondse ingesamel word	Termyn

_____ _____

Saakgelastigde **Datum**